MOEDERSDAG

. . . tabernakel, is my gebed. Ek is sekerlik bly vanmôre, om die geestelike ingesteldheid van hierdie tabernakel te sien, en hoedat, die naambord daar, hulle maak nou klaar om 'n nuwe kerk te bou. Ek dink dis nodig. En sien die agter . . . as die Here Jesus vertoef, na ons weg is, sal hulle hê . . . ons kinders sal 'n plek moet hê om kerk toe te gaan. En ons wil "kragtig stry vir die Geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is." Dink dis 'n goeie ding.

2 En toe ek pas ingekom het, 'n paar oomblikke gelede, om by baie getuienisse te voeg wat alreeds gegee is aangaande genesings van die paar laaste byeenkomste by die tabernakel hier. Hulle hoop net die heeltyd op, van genesings, groot wonderbaarlike genesings.

3 Ek het my vrou nou net gelaat, en kinders by die—die deur; en daar was 'n suster, wat nou hier sit, net so opgewonde dat sy gehuil het, oor 'n groot wonderwerk wat met haar kleinseuntjie, ver weg, ek veronderstel in Chattanooga, gebeur het. Mev. Nash, hier, jou klein kleinseuntjie was aangetas deur 'n siekte, en die laaste byeenkoms hier, het die Here Jesus, dink ek, dit uitgeroep en het gesê: "SO SPREEK DIE HERE, dit, dis weg. En hy gaan gesond word." En die klein outjie is volkome normaal en gesond, net so gesond soos hy kan wees.

En dis—dis opwindend, mens hoor daardie getuienisse.

4 En toe het 'n jongkêrel, wat ook teenwoordig is, gebed gevra vir Mev. Scotts, wat pas 'n operasie ondergaan het. En hulle belangstelling; sien, as niemand wil hê ons moet vir hulle bid nie, wel hulle . . . dit wys, solank as jy probeer, mense wil hê jy moet vir hulle bid, hulle . . . 'n belangstelling, julle sien. Somtyds raak dit so verskriklik, dat . . . nie verskriklik nie, maar soveel, dat jy net iewers moet inhardloop om jou kop weg te steek, en vir 'n klein bietjie wegkruip om te lewe. Maar, ek—ek is bly hulle doen dit. Moenie ooit dink dat ek nie bly is om hulle te sien nie, want as hulle . . . as daar niemand was wat my wou hê om vir hulle te bid nie, waar sou my bediening wees? Sien? Sien?

5 Maar soms wanneer julle sê: "Broer Branham, ek verstaan nie wanneer mense so roep nie, en—en jy iewers sal uitglip nie." Ek moet dit doen om te kan lewe, om vir die mense te bid. Jy kan net nie . . . Dit is nie—is nie net een plek hier nie. Dis oor die hele wêreld. Sien julle? En—en dis regtig erg. En ek is seker dat julle dit verstaan.

6 O, dis so goed om 'n Christen te wees! Ek weet net nie wat ek sou doen as dit nie vir Christus was nie, en so . . . en om die deelgenootskap met Christene te hê, wat, 'n volk van dieselfde

kosbare Geloof, wat in God glo en op Hom vertrou; en glo dat ons een glorieryke dag oor hierdie hele geveg sal wees, en die oorwinning hê, en verlos staan na Sy beeld, aan die anderkant.

7 En dan wil ek net graag 'n kort aankondiging maak, dat, met die koms van die tabernakel, ensovoorts, ek . . . ons maak 'n vernuwing van ons stigting, veral my deel vir die veldtogte. Nog altyd deur die byeenkomste, vandat ek hiermee begin het, aan die evangelistiese kant, baie jare gelede, in plaas van 'n stigting te vorm, om 'n ander groep mense te hê, het ek net die groep met wie ek bekend was, gebruik en van . . . en 'n stigting gevorm sodat al my byeenkomste onder die naam van die Branham Tabernakel sou gaan. En dit sou gebruik word by die "Union National Bank" in New Albany, soos waar fondse betaal—daaronder betaal kon word, sodat dit nie belasbaar sou wees nie. As ek nie het nie, sou al die geld wat opgeneem is, vir my belasbaar gewees het, as ek nie die Branham Tabernakel as 'n stigting gebruik het nie.

8 Baie van julle het my dit hoor aankondig, keer op keer. Ek moet dit doen, en om . . . ten einde dit te doen. En dan—dan rig ons nou 'n nuwe stigting op. En ons wil graag soveel as wat weet dat ek . . . Hoeveel het my dit ooit hoor aankondig, dat ek alle betalings deur die Branham Tabernakel werk? Steek net julle hande op almal . . . Sekerlik, julle almal. Dis almal.

9 En dus wanneer die diens verby is, asseblief, ek het 'n verklarintjie daar sodat jy as jy dit sou teken soos jy uitgaan. Broer Roy Roberson sal dit daaragter hê.

10 Want, ons gaan 'n ander stigting oprig, dieselfde ding, net . . . maar 'n ander stigting, sodat al ons fondse en dinge, wat in die byeenkoms opgeneem word, nie belas word nie, sal wees . . . word geplaas soos gewoonlik, in die "Union National Bank," om deur die tabernakel bestuur te word, in plaas van 'n—'n stig- . . . 'n ander stigting te hê. Want, dit is alreeds 'n stigting, in die naam van die Branham Tabernakel, julle sien. En so is daar 'n Branham *hier* en 'n Branham *daar*, en soos dié, en verskillende stigtings wat nie te goed lyk nie.

11 Broer Roberson sal daarvoor sorg, julle wat wil, soos ons uitgaan. Ons sal dit waardeer.

12 Nou, vanmôre, voor ons met die diens 'n aanvang neem, sal ek graag wil sê, as die Here wil, dat ek vanaand sal probeer terug wees. Ek hou nie daarvan om albei dienste by Broer Neville te neem nie, maar hy het my so gulhartig gevra om weer vanaand te praat. En as die Here wil, wil ek vanaand oor 'n evangelistiese onderwerp van, so getitel: *Wie Is Dit?* Sien? *Wie Is Dit?*

13 En dus vanmôre, wil ek . . . ek het gedink om—om vanmôre oor 'n Moedersdag onderwerp te praat. En ek weet dat hierdie middag en die oggend alles vol Moedersdagprogramme is. Dus het ek gedink ek sal iets soort van kombineer, omdat ons vir

die siekes wil bid onmiddellik na hierdie diens oor is, en soos gewoonlik.

14 Ons glo dat God 'n geneser is, en Hy genees die siekes en die krankes. En ek weet Hy doen dit. En dis sonder enige—enige twyfel, dit, want daar is te veel opgehoopte getuienisse, dat ons dit weet.

15 Gister het ek in 'n sak gekyk wat Broer Gene en Leo net gehou het van getuienisse wat hulle versamel het. En dit was 'n groot sak vol van buitengewoon, wonderbaarlike genesings wat die Here vir die mense gedoen het.

16 En ek het gedink, as dit so sou wees, wat as ons boek gehou het van alles wat gebeur het? Ek veronderstel, in Puerto Rico en Jamaika, alleen, sou tienduisend wees, of meer, buitengewone getuienisse, van genesings van die Here, wat Hy gedoen het.

Nou, voor ons die Boek oopmaak, laat ons met die Outeur praat.

17 Here, ons is so dankbaar teenoor U, dat dit is wanneer ons ons hoofde buig, ons net hakkel vir woorde om te sê; want ek glo nie dat dit op die menslike lippe lê om die gevoel uit te druk van die hart van 'n man of 'n vrou, seun of dogter, wat ooit met U in aanraking was nie. Om ons aanbidding uit te druk, van hoe ons U aanbid en wat U vir ons beteken. Dit het ons van sonde geskei, en dit het ons van die wêreld geskei. En dit gee ons iets wat Ewig en geseënd is. En ons kan nie toereikende woorde vind nie.

18 Soos dit eenkeer deur 'n edelman gesê is, 'n paar weke gelede, dat hy vlot kon praat in omtrent nege verskillende tale, beklee sy posisie by die adviseur van ons lieflike President, Dwight Eisenhower. En alhoewel hy in staat is om nege tale vlot te praat; het hy gesê, toe hy die Heilige Gees ontvang het, het hy al nege probeer, en daar was geen woorde wat hy kon vind, niks wat hy uitdrukking aan kon gee nie, en toe gee U hom 'n nuwe taal om te uiter en U mee te dank. En ons voel ook so, Here, dat, wanneer die lewe verby is, dat ons dalk heeltemal in 'n ander taal sal praat, sodat ons kan uitdruk wat ons van U dink.

19 Nou wou ons vra, Here, dat U hierdie tabernakel sou seën, sy pastoor, sy trustees, sy diakens, al sy medewerkers, die mense wat hier besoek, in en uitgaan by die deure. Mag dit altyd toegewyd bevind word, 'n hawe van rus, waar die vermoeides by sy deur kan inkom, en rus en urede kan vind vir hulle siel. En dat die siekes by die deur mag inkom, en gesond uitgaan, oor die ewiglewende Teenwoordigheid van die Almagtige God Wat onder sy dak woon.

20 Ons wou vra, Here, dat in hierdie komende program van . . . wat nou gevorm word, dat U die raad sal ontmoet en almal sal ontmoet. En as dit U so sal behaag dat daar 'n voortdurende herdenking van die gebed sal wees, wat in hierdie ou dam gebid is, en 'n lap onkruid, eendag; dat dit nou 'n lighuis geword

het, 'n hawe van rus vir die vermoeides, oor die antwoord op daardie gebed.

21 Vergewe ons nou van enigiets wat ons gedoen het, of gesê het, of gedink het wat in teenstelling met U groot wil was; en onthou Here, dit het nie van ons harte gekom nie. Ons kon dit net in ons optrede of met ons lippe uitgedruk het. Maar, spoedig, het U ons gehoor. Toe ons gesien het ons is verkeerd, was ons gewillig om dit te bely. En ons wil nie in ons hart ongeregtigheid hou nie, dan weet ons dat God nie ons gebede sal antwoord nie; maar ons bely gedurigdeur ons foute.

22 En ons wil vra, Here, dat U vanmôre oral oor die nasie heen sal seën, terwyl dit hierdie herdenkingsdag van Moedersdag vier. Maar mag dit nie net 'n—'n moeder se dag wees nie; mag elke dag so wees.

23 God, skenk vanmôre, dat moeders, vroue, wat van God af weggedwaal het, dat hulle tot hulself sal kom, vanmôre, en dit sal herken dat die woord *moeder* "een wat verwek het" beteken. Mag sy besef dat die nageslag, van haar eenwording met haar eggenoot, heilige klein juweeltjies is wat God in haar sorg geplaas het. Dan, God sal haar daarvoor verantwoordelik hou vir die grootmaak van daardie kinders. En soos die Skrif sê, dat: "Die goeie vrou, en die moeder, wat sy is, dat haar kinders haar geseënd sal noem."

24 O Here, wanneer ons hierdie dag sien, wanneer hulle so ver van die Skrifte weggaan, en amper soos diere optree! Ons bid, God, dat U ons 'n outydse herlewing sal gee wat hulle sal terugroep na die plek waar hulle behoort te wees.

25 Here, ons sal nie, hoegenaamd nie vergeet om U vir ware moeders te dank nie, want ons weet dat ons sulkes het wat vandag lewe; ware, egte moeders. God, seën hulle. Hulle is groot kleinode vir ons, en ons bid dat U voortdurende met hulle sal wees, Here, en mag hulle gelukkig lewe en die vrug van hulle skoot God sien dien.

26 En ons bid, God, dat hulle wat vanmôre die wit roos dra, of die wit blom, om te sê dat hulle moeder anderkant hierdie toneel van aksie vanmôre gegaan het; mag, Here God, hulle in vrede rus en hul arbeid hulle volg. Skenk dit, Here.

27 Neem nou U Woord, Here, en spreek tot die mense, en gee hulle troos, want dit is waarom ons hier vergader het; om U Teenwoordigheid te voel, U Woord te hoor, en geseën te word, en hier weggaan om beter manne en vroue, seuns en dogters, te wees, as wat ons was toe ons ingekom het. Ons vra dit in die Naam van Jesus, God se Seun. Amen.

28 Ek hou van die lees van Sy geseënde Woord. So nou sal ons vanmôre blaai, in die Boek van die Eerste Korinthiërs, en 'n gedeelde van die 15de hoofstuk lees, en begin met die 1ste vers.

Boweal, broeders, ek maak julle die evangelie bekend, wat ek aan julle verkondig het, wat julle ook aangeneem het, waarin julle ook staan;

Waardeur julle ook gered word as julle daaraan vashou op die wyse waarop ek dit aan julle verkondig het, of julle moet tevergeefs geglo het.

Want in die eerste plek het ek aan julle oorgelewer wat ek ook ontvang het, dat Christus vir ons sondes gesterf het volgens die Skrifte;

En dat Hy begrawe is, en dat Hy op die derde dag opgewek is volgens die Skrifte;

29 Julle mag sê: "Broer Branham, dis nogal 'n buitengewone teks vir 'n Moedersdag boodskap." Wel, dis waar. Maar, julle weet, God is buitengewoon, en Hy doen dinge op 'n buitengewone manier.

30 En ek dink, die gedagtes, van moeder. En ek het een vanmôre, deur die genade van God, nog steeds hier op aarde met ons. En ek is dankbaar vir moeder. Maar synde dat ons ook 'n genesingsdiens moes hê, en nie geweet het dat ek weer vanaand sou terug wees nie, maar ek het gedink dat ons dalk 'n ander soort van 'n prentjie kon skilder.

31 Moeder is so groot. Julle weet, die eerste een wat jou ontvang, in hierdie lewe, is jou moeder. Niemand kan aan jou raak nie, want jy is ontvang, en sy dra jou onder haar hart. En sy is die eerste om jou te ken, en die eerste om, in hierdie lewe, om—om jou vas te hou. Dan, wanneer jy gebore is, is sy die een van die eerste hande wat jou aanraak, en die trane uit jou oë vee. Sy is die eerste een om jou te streel en jou lief te hê, en oor jou te koer, in hierdie lewe, is jou moeder. Nou, ek dink dat daar nie genoeg eer is wat ons aan 'n moeder kan gee nie.

32 Moeder is eerste vir die kind, en sy het 'n groot verantwoordelikheid vir wat daardie kind sal word, sal afhang van die manier wat die moeder daardie kind laat begin op die pad wat hy moet loop. Moeder het die verantwoordelikheid van God, om daardie kind op die regte pad te plaas. En ek dink dis waarom moeders 'n spesiale klein slag het.

33 Ek weet van 'n kêrel in hierdie stad. Ek dink sy moeder is nou teenwoordig. Hy is omtrent my ouderdom. Maar ek sê dit nie om die ma seer te maak nie; omdat sy al genoeg seergemaak is, soos alle moeders. Maar die kêrel drink, en hy drink straf. En wanneer hy regtig dronk is, sal hy huis toe kom en in die bed klim by sy ma en sy arms om haar sit. En hy het kleinkinders. Maar daar is net iets omtrent die streel van 'n ma, wat blyk om 'n—'n verskillende plek in te neem as wat enigiets anders kan raak; dit is, in hierdie lewe, menslik gesproke.

34 Julle weet, 'n man soos Moses, hy . . . As ek sy karakter aan enigiets kon toeskryf, is dit omdat hy 'n God-gestuurde ma gehad het. Julle weet dit was sy wat gebid het, Jogebed, en verlang het na hierdie baba. En toe hy gebore is, was sy die een wat hom geliefkoos het, en hom omhels het en die ark gebou het en hom in die biesies gesit het, terwyl haar arme hart gebreek het. Haar enigste klein babatjie, en dit was die—die mees buitengewone klein knapie wat daar in die hele wêreld was. En hoeveel hou 'n moeder van enige baba! Maar om hierdie spesiale klein kêreltjie te sien.

35 En toe, in haar hart het sy geweet dat hy vir 'n doel gebore is, en om hom dan te neem en hom in die einste nes van krokodille te sit, buite op die rivier. Deur geloof het sy dit gedoen, wetende dat God in staat was om na hom te kyk; en om die liefde van 'n moeder op te som, en die aksie van die karakter van haar geloof. Want geloof plaas homself nie op die waaisand van wat dit kan sien nie; geloof rus plegtig op die onbeweeglike rots van God se Ewige Woord. "Want deur geloof," sê die Skrif: "het sy dit gedoen."

36 En geloof kan sy stand op die rots inneem, waar die golwe die fondasies uitslaan, en reguit in die gesig van die dood staar en weet dat dit net binne 'n klein rukkie sal wees, maar geloof kan oor die see na Hom kyk wat gesê het: "Ek is die opstanding en die Lewe," en hoor nie eens die golwe slaan nie.

37 Dis die soort geloof wat Moses se ma gehad het. Sy het hom geleer en sy het hom in die paleis van Farao grootgemaak, het hom geleer dat hy vir 'n doel gebore is, dat Jehova haar gebed beantwoord het. En sy . . . hy kon nie 'n beter onderwyser gehad het nie. Dis wat gehelp het om die karakter wat Moses was, te vorm.

38 Ek dink dit was Abraham Lincoln wat eenkeer so 'n opmerking gemaak het . . .

39 Nou, ek is nóg Demokraat nóg Republikein, ek net . . . ek is 'n Christen. Want, ek dink een kant kan nie iets teen die ander kant sê nie; dis alles korrupsie. Maar, Abraham Lincoln, na my denke, was een van die . . . en was een van die grootste Presidente wat hierdie Verenigde State ooit gehad het; Washington ingeslote, ensovoorts.

40 Want, Abraham Lincoln het 'n—'n swak begin gehad. Hy was arm. Hy het geen agtergrond gehad, sover as opvoeding, of—of een of ander groot iets, of geld, of iets wat hom kon help, soos Washington gehad het nie. Washington was 'n kollege student, en hy—hy het geweet; hy was 'n slim man, 'n groot man om mee te begin. Maar Lincoln is in 'n klein houthutjie grootgemaak, onder die groot gronde van Kentucky, en met geen vloer in die ou klein hutjie nie, wat nou as 'n gedenkteken hier in Louisville staan.

Maar, die groot man wat hy was, en moes leer om te skrywe, op die grond wat hy omgeploeg het, om die mielies te plant.

41 Maar ek kan dit na die jongmense toe deurgee. Weet julle dat Abraham Lincoln nooit 'n boek in sy lewe besit het, tot ná hy een-en-twintig jaar oud was, behalwe net die Bybel en die Fox se boek van die martelare nie? Sien, wat jy lees, vorm die karakter wat jy is. Geen wonder, ons het vandag 'n klomp neurote nie; om fiksie tydskriffies, en vulgêr en onsin word in ons koerantstalletjies geplaas. Hy het die Bybel en die Fox se boek van die martelare besit. Kyk wat het dit hom gemaak!

42 Maar in die lig van dit alles, het hy eendag 'n stelling soos dié gemaak. Hy het gesê: "As daar enige goeie ding in my gevind kon word, is dit as gevolg van 'n godvresende moeder," wat hom grootgemaak het om die Here te dien.

43 Julle sien, 'n kind luister na sy moeder; een of ander slag omtrent daardie moeder, wat 'n kind na sal luister. Wanneer hy seergemaak is, sal hy na die moeder vir troos gaan voor hy na die vader sal gaan. Want, sy is eerste by hom, julle weet. En daar is een of ander gawe wat God 'n moeder gee, om so te wees, ek bedoel 'n ware moeder. Nou, ek glo dat moeders eerbaar en godvresend is.

44 Maar ek glo, sulke Moedersdae, soos dit, is 'n uitbuitery, maak 'n klomp geld uit blomme en dinge. Maar moedersdag behoort elke dag te wees. Nie om vir haar 'n bos blomme op Moedersdag te stuur nie, maar om haar lief te hê en driehonderd vyf-en-sestig dae en nagte deur die jaar, vir haar om te gee. Maar, natuurlik, die kommersiële wêreld het 'n groot houvas in dinge soos hierdie, en dit—dit—dit ag moeder gering.

"O, wel, verlede Moedersdag het ek haar 'n bos blomme gestuur."

45 Sy sou dit heelwat meer waardeer, net te sit en net 'n bietjie met haar te gesels, haar 'n reëltjie te skryf, haar op die skouer te klop, haar op die wang te soen, haar te vertel jy het haar lief. Dit sal heelwat verder gaan as al die blomme wat jy van die bloemiste kan koop. Dis waar.

46 Ek glo dit was in die "Ten Commandments," die oorlede Cecil DeMille, wat dit geskryf en op die silwerdoek een van die meesterstukke van die filmwêreld gesit het. En voor dit op die toneel verskyn het, of uitgekom het, het Cecil DeMille, Oral Roberts en Demos Shakarian uitgeroep, en 'n klomp van die Volle Evangelie predikers, en hulle in sy eie ateljees geneem en die vier ure van die "Ten Commandments" gewys, en hulle om hul opinie daaroor gevra. Laat God sy dapper siel laat rus!

47 En toe ek dit gesien het, daarna gekyk het, en 'n klein opmerking het altyd by my gebly. As baie van julle wat dit gesien, dit was toe die dogter van Farao . . . na Moses uitgevind het dat hy 'n—'n Hebreër was, en hy besluit het om by sy volk te gaan

bly. En daar het sy eens pragtige moeder gesit, weggekwyn, met haar grys hare en haar verrimpelde gesig, het in 'n ou leunstoel gesit; 'n tipiese moeder. En die Farao se dogter het ingekom. En hy het gesê: "Wie se seun is ek, in elk geval?"

48 En toe dit aan die lig gekom het, dat Jógebed sy regte moeder was. Die dogter van Farao, met haar grimering ensovoorts, en opgetooi; sy het gesê: "Maar kyk! Hy mag jou seun wees, maar," het sy gesê: "ek gee hom rykdom en skatte. Jy kon hom niks anders as die moddergate gee nie."

49 Maar die bejaarde gryskop moeder het gesê: "Maar ek het hom lewe gegee." Dit maak die verskil. "Ek het hom lewe gegee." God het hom Ewige Lewe gegee. Hoe waar, moeder!

50 Soms sê mense vir my, meestal altyd in my veldtogte, ek is "gedurig aan die preek oor die opstanding." En ek het 'n teks vanmôre gelees, die 15de hoofstuk en die 4de vers van Eerste Korinthiërs, oor die opstanding.

51 Maar, julle sien, die manier waarop hulle moeder vandag plaas, is 'n pot blomme wat by 'n ouvrou staan, wat oud is en nie kan opstaan nie, dalk, en swak, en grys, en verrimpeld, en wat in 'n leunstoel sit. Dis waar genoeg. Maar ek wil my tema neem en julle 'n ander prentjie skilder van wat moeder is.

52 Iemand het gesê: "Jy preek te veel oor die opstanding. Omtrent elke Boodskap het iets in oor die opstanding."

53 Wel, sekerlik. Dis die—dis die vernaamste rusplek van die Evangelie. Ongeag wat Hy gedoen het, as Hy nie weer uit die dood opgestaan het nie, dan was dit alles tevergeefs. Dit, vir my, bewys dat Hy God was. Bewys elke aanspraak wat Hy gemaak het; die opstanding! En dit is ook die die plek van die rusplek van die siel. Dis die beginpunt. Dis die kroning van ons troos.

54 En wanneer ons sien dat Hy uit die dood opgestaan het, plaas dit ons met die Evangelie wapenrusting by die gevegsfront, om die plek in te neem om te veg. Want, ons weet Hy het gesê: "Hy wat sy lewe om My onthalwe verloor, sal dit weer vind."

55 En ek dink dis die groot kroning van die Volle Evangelie, is die opstanding, en sy Goddelike beloftes, en die troos wat dit aan diegene gee wat daarop vertrou. Want, dit belowe die groot eenwording van ons vereniging weer saam. Dit belowe, en die—die vervaging van alle sonde. Dit belowe die vervaging van alle misvorming, al die swaarkry wat ons hierin gekry het, moet deurgaan, in hierdie lewe. Dit belowe, en die verdwyning van dit alles. Dit belowe dat selfs die dood sy houvas sal verloor, en ons sal in die gelykenis van Jesus opstaan. Dus, na my opinie, is die opstanding die grootste van al die beloftes in die dinge van die Skrif. Daar is waar dit dit verseël het.

56 En die vorige Pase, toe ek oor die vyf dinge gepreek het van:

Lewend, het Hy my liefgehad; sterwend, het Hy my gered.
Begrawe, het Hy my sondes ver weggedra;
Maar, opgestaan, het Hy vrylik geregverdig vir ewig.

57 Dis die Dag vir my, daardie groot Dag van dae! En om te sien wat dit sal beteken, vir almal van ons, in die opstanding, soos ons arbei en wag vir daardie geseënde Dag van dae!

58 Dit gee ons die belofte dat hierdie ou, swak, kragtelose, gryse, gebroke moeders eendag verander sal word. Moeder sal nie daar alleen by haarself sit nie, maar al haar familie by haar.

59 En wat 'n dag sal dit wees! Wat 'n tyd sal dit wees, wanneer ons die gesigte sien van diegene wat ons so liefgehad het! Wat 'n verskil daardie oggend, wanneer ons ons geliefdes sal sien, en—en om te aanskou wat hulle dan sal wees! Al die beproewings sal weggeneem wees. Al die geskend van lyding sal verby wees. Nie meer bleek wange van die dood nie. Nie meer trane uit die oë nie. Die opstanding belowe dit alles. Daar sal nie meer begrafnisse wees nie. Nie meer die baba op die wang streel, wat soos 'n stukkie steen is nie; waar die ondernemer gebalsem het, en uitgestoot het en grimeer het, ensovoorts, om natuurlik te lyk nie. Dit sal nooit weer daar nodig wees nie.

60 Dan dink ek aan wanneer ons hulle oorkant sien staan, ons geliefdes, ons moeders, ons familie, al ons vriende; en om hulle in hul onsterflike liggame te sien, hul hemelse liggame; neem hul karakter waar, sien hoe hulle hulself gedra met daardie sagtheid en stilheid, nie meer senuagtigheid of frustrasies nie. Om hulle dan te sien staan in die gelykenis van die Here Jesus, dit sal 'n wonderlike dag wees.

61 En elkeen van ons, in ons gedagtes, kyk uit en verlang na daardie uur van vertroosting, wanneer ons hulle ontmoet. Elkeen dink aan hul geliefde, dalk hul moeder wat heengegaan het. En wat 'n dag sal dit wees, wanneer jy haar weer sien! En vir pa, en vir broer, en vir die . . . al die geliefdes, wat 'n dag sal dit wees!

62 Ek dink ook, nou net. Ek dink aan my familie, wat dit vir my op daardie Dag sal beteken.

63 Ek dink net, op daardie opstandingsmôre, miskien sal die eerste een wat sal kom om my te ontmoet, my klein Sharon wees. Nee, sy sal nie aan die bewe wees nie. Daardie Duiwel kan nie daardie plek binnegaan nie. Geen breinvliesontsteking kan ooit daardie Land aanraak nie. Sy sal my nie totsiens wuif nie. Daardie klein, blou ogies sal dans terwyl sy haar arms uitgooi en: "Pappie!" skreeu. Ek sal bly wees om haar te sien, te weet dat sy nooit weer sal sterf nie; te weet dat dit alles verby is, waarom ek die opstanding so kwaai preek.

64 Dan sal ek haar moeder sien, die moeder van Billy, my seun. En ek het baie herinneringe net daar wat voortduur. Ek onthou

toe ek haar daarheen geneem het; of Mnr. Combs, hierbo, het haar vir die laaste uitgeneem, en ek het haar in 'n motor gevolg. Soos ons in Sewendestraat afgegaan het, net daar; Billy, agtien maande oud.

65 Hoedat hulle hom uitgebring het na die straat, en haar hom laat sien het. En sy sou lê en huil, en na haar baba kyk, maar sy kon nie naby hom kom nie.

66 En toe al met die pad af daarheen, het die ondernemer gekom en met die—die—die Sewendestraat afgegaan. Mamma hier het hom destyds versorg. En hy het buite in die werf gestaan met 'n ou klein kortbroekpakkie aan, en 'n klein rooi petjie skeef getrek op sy kop. En toe daardie moeder, wat op daardie bed gelê het agter in daardie ambulans en my dopgehou het, toe sy haar baba op die werf sien staan, wetende dat sy haar finale rit neem; het sy regop gekom en uitgeroep, en haar benenige hand uitgesteek om haar baba op die werf te omhels. Maar sy kon hom nie kry nie.

67 O, dit sal 'n vreugde wees om haar op daardie dag te sien. Nee, sy sal nie benerige hande hê nie, nóg sal die wange versonke wees. Maar sy sal in die hemelse skoonheid van 'n koningin van die Hemel staan, en van moeder. Haar swart oë, so swart soos 'n raaf se vlerke, sal dans met vreugde. Sy sal nie vooroor gebuig wees nie; waar, daardie Duiwel van TB nooit daardie Land sal binnekom nie. Maar, sal onverganklik in Sy gelykenis staan.

68 Ek veronderstel, dan, volgende wat my kom ontmoet, sal Edward wees, wat ons "Humpy" genoem het vir 'n kort naam. Hy was die eerste van die groot nege—skakelketting, ketting van die Branham familie. Hy was die eerste skakel om te breek, die een na my. Ek sal Edward na my toe gehardloop sien kom. Tog, hy het as 'n seun gesterf, negentien jaar oud. En wanneer ek hom aan sy hand neem, is ek seker ons sal baie dinge hê om oor te praat, van kinderdae, want ons was maats. Ons het bymekaar gestaan. Hy het my sy pak klere laat dra, en—en—en dinge, soos regte broers het. Dit sal 'n plesier wees om hom weer te sien.

69 En ek sal hom so—iets hoor sê: "Het jy my tyding gekry, Bill? Jy het op 'n beesplaas gewerk, tydens my vertrek van die aarde. Maar in die hospitaal het ek soontoe laat weet: 'Sê vir Bill alles is in die haak.'"

Ek sal bly wees om te sê: "Ja, ek het jou tyding daar op die prêrie gekry."

70 Dan, dink ek, sal my pa volgende kom. Hy was die volgende skakel om te gaan, en . . . Nee.

71 Ek dink Charles was die volgende skakel, 'n jonger broer. Hy was in 'n motorongeluk toe hy net 'n klein seuntjie was. Hy het altyd sy regterbeen gesleep toe hy geloop het. Maar, julle weet, wanneer ek hom sien, sal hy nie daardie been sleep nie. Dit sal alles weggeneem wees, sal in die glorie van 'n jongman staan.

72 En hy sal vir my sê, so—iets soos dit, soos hy glimlag. Hy sal sê: "Ja, Bill, daar is geen ongelukke hierbo nie. En ek onthou die aand voor ek in die motorongeluk weggeneem is, het jy met my gepraat, het in die gangetjie van ons klein nederige huisie gestaan," en ek kyk nou net af daarop. "Jy het met my oor die Here gepraat, net 'n paar uur voor vertrek. En jy was op die preekstoel aan die preek toe ek gegaan het."

73 Dan sal pa kom. O, ek kan hom sien. Hoewel hy my baie harde slae gegee het, presies net wat ek nodig gehad het, maar ek sal daardie bos swart krulhare sien, meer glansend as ooit, op daardie dag. En hy sal na my kyk, en sê: "My seun, jy weet; Pappa sal nooit meer hier honger van die tafel opstaan om sy kinders te laat eet nie, want hier het ons genoeg. Daar is nooit 'n behoefte hier nie."

74 Om hom te sien wanneer hy sou werk, en teen vyftig of vyf—en—sewentig sent per dag, en dan van die tafel af opstaan sodat die kinders kon eet, weer na die werk toe teruggaan. En hy het so hard gewerk dat sy hemp aan sy rug sou vassit van die son, en ma sou dit met 'n skêr lossny.

75 Ek sal hom so—iets soos dié hoor sê: "Bill, onthou jy daardie aand toe jy en Broer George vir my kom bid het toe ek aan die gaan was? Jy weet, ek het vir mamma gesê dat daar twee wit Engele by die bed gestaan het, en 'n rooi engel by die voetenend. En die rooi engel het my probeer kry, maar die wit Engel het tussen—in gestaan. Hulle het my uiteindelik Huis toe geneem."

76 Dan, ook die volgende in die skakel om te gaan, of wat gegaan het, sal Howard wees. Ek sal Howard sien, soos ons saam maats was oor die lande, oral; as 'n prediker geroep; groot persoonlikheid, maar sy metgeselle het hom teruggehou. Laaste gesprek wat ek met hom gehad het, het hy gesê: "Wanneer ek gaan, Bill . . ."

77 Ek—ek het hom gesien gaan, deur 'n visioen, omtrent vier jaar voor hy gegaan het. Het hom gesê ek het Pop sy graf gesien merk en sê dit is die volgende.

78 En hy het gesê: "Daar is een ding wat ek wil hê jy moet vir my doen." Hy het gesê: "Ek het my lewe opgemors. Ek was getroud en alles. Ek—ek weet nie wat gebeur het nie."

Ek het gesê: "Glo jy Hom, Howard?"

79 Hy het gesê: "Met alles wat in my is, glo ek Hom." Binne omtrent twee of drie dae voor hy weg is, het hy sy vrede met God gemaak, met Broer Neville—hulle daar. En hy het gesê: "Daar is een ding wat ek wil hê julle moet doen. Wanneer ek gaan, Bill, laat hulle vir my sing: '*Hy Sal Verstaan, En Sê: "Wel Gedaan."*'"

80 Ek glo, voor ek Howard se hand druk, sal ek hom hoor stop en na my kyk, en sê: "Bill, Hy het verstaan."

81 Daarna sal Broer Seward, Broer Frank Broy, Broer George DeArk kom. O, die opstanding beteken baie vir my. Ek kyk uit na daardie groot kroningsuur. En as die Lig begin sprei: "Ons sal ken soos ons geken word." Ons sal verstaan, en—en ons sal ons bekendes en die—diegene wat daar was onthou.

82 En—en vele, daar sal vele daar wees wat ons selfs nie gedink het daar sal wees nie. Want, julle weet, dis teen daardie tyd, dat ek glo dat "die brood wat ons op die menslike, troebel water gewerp het, daardie Dag na ons toe sal terugkeer." Wanneer ons die uitwerking van ons getuienis sien, op mense wie se aksie teenoor Dit ons nie verstaan het nie, sal waarskynlik daar wees. Wat 'n Dag sal dit wees!

83 En dan, ook, die saad wat ons gesaai het, nie eens gedink aan wat hulle sou doen nie, maar hier is hulle. Hulle het kosbare vrugte voortgebring, en ons sal hulle op daardie Dag sien, die afvallige geliefdes en familie.

84 En ek dink aan die duisende wat ek tot bekering sien kom het, ja, gaan nou in die miljoene, en wat hulle bediening was. O, dit sal meer as 'n opstanding neem. Dit sal 'n Ewigheid neem, om rond te gaan, handdrukke te gee en dinge uit te vind wat ek nie nou weet nie.

85 Daar sal daardie ou gryskop moeders wees, vir wie julle daardie wit blomme aan het vandag, wat julle sal sien, en hulle sal pragtig wees. Nie deur 'n pot blomme voorgestel, of een of ander prentjie van 'n ou gryskop persoon nie; maar in die gelykenis en skoonheid van die opstanding, hulle sal in die gelykenis van Christus staan, hulle hemelse liggame, jonk en mooi vir ewig. Sekerlik, dis die rus. Dis die Moedersdag waarvoor ek wag. Dis die kroning. Nie die angelier op die lapel nie, maar die kroning van die siel, want God het haar verander!

86 Ek dink aan my eie moeder, oud en swak, en skud met verlamming. Sy sal dit nie daardie Dag doen nie. Dit sal dan anders wees. En daardie groot Lig begin voortsprei, soos ons begin rondkyk, en die groot kring sal al groter en groter en groter word. Dit alles weerkaats net die aantog van Jesus. "En na 'n rukkie," soos die lied sê: "sal ek Jesus uiteindelik sien."

> Hy sal vir my wag,
> Jesus so goed en getrou,
> Op Sy pragtige Troon, sal Hy my Tuis verwelkom
> Nadat hierdie dag verby is.

87 Dan, wanneer ons Hom sien, en ons sal nie wees soos ons nou is nie. Ons sal—ons sal weet hoe om Hom meer lief te hê. Ons sal nie met 'n bietjie vrees terugstaan nie; want, ons sal soos Hy wees. Wel, Hy sal meer van 'n familielid vir ons wees as wat Hy nou is. Ons sal Hom beter verstaan. Want, ons is so ver weg in die sterflike liggame; dan sal ons 'n liggaam soos Sy glorieryke

liggaam hê. Ons sal weet hoe om Hom te aanbid. En wanneer ons sien wat die Teenwoordigheid van Sy Wese aan ons gedoen het, ons verander het; die oues weer jonk, al die vervormdes reguit gemaak. O! Ons sal dan verstaan waarom Sy krag ons genees het.

88 Die vrae wat in ons gemoed was: "Hoe kan Hy dit doen? Wat sou *dit*?" Op die een of ander manier, geheimsinniglik, sal hulle almal verdwyn. Die knope waarin ons gedagtes geknoop was: "Sal dit dit wees? Hoe kan dit wees?" Op die een of ander manier, of wat, sal verhewe vingers net daardie knope ontknoop, uitpluis, en dit sal alles wegsterf in die een groot kroon van liefde.

89 Dan sal ons Hom sien. Dan sal ons soos Hy wees. Dan sal ons Hom aanbid. Dan sal ons moeder sien soos God haar wil hê.

Moeder sal nie Daar volledig wees sonder haar familie nie.

90 Want, die hoogtepunt van haar hele lewe is om die kinders rondom die tafel te sien, en almal van hulle gesond en gelukkig; en—en—en om haar die koffie te sien skink, of wat sy ook al doen, en aandete maak, en sy en pa gaan sit. Wel, dis die gelukkigste tyd in mamma se lewe, om haar kindertjies almal tuis te sien.

91 Nou, moenie dit misloop nie, moenie daardie Dag afwesig wees nie. Laat die ketting kring van jou familie aaneengeskakel wees, skakel aan skakel. Laat elke speek in die wiel wees. Dan, wanneer ons saam met ons families en groepe gaan sit, oor die gewelwe van die Ewigheid, watter Dag sal dit nie wees nie! Dan sal ons verstaan.

92 Dit was Hy wat dit belowe het, in Openbaring 1, waar Dit gesê het, dat: "'n Skerp tweesnydende swaard het uit Sy mond gegaan." "Hy is die Woord van God genoem." En dit was van daardie selfde lippe wat gesê het: "Ek is Hy wat lewend is, wat dood was; en Ek lewe tot in alle ewigheid." Van daardie selfde lippe, in Johannes 6, dertig-. . . word daar gesê, dat: "Ek sal niks verloor nie, maar Ek sal dit weer in die laaste dag opwek." Was Hy wat die belofte gemaak het; daardie selfde kosbare lippe. Hy is die Een Wat ons red, Wat ons genees, Wat ons verlos het, en Wat ons in die laaste dag sal opwek.

93 As jy daardie swak skakeltjie is wat hierdie groot familie reünie op daardie Dag uiteen laat gaan het, mag die God van die Hemel, vanmôre, op een of ander manier op 'n geheimsinnige wyse, daardie klein knopies losmaak wat in jou gemoed geknoop is, en die liefde openbaar wat Hy vir jou het, en mag jy liefderik kom om Hom te dien.

Terwyl ons aan hierdie dinge dink, laat ons bid.

94 Net voor ons bid, en julle jul hoofde gebuig het, gaan ek julle vra. Sou julle graag, op hierdie Moedersdag, jul lewens opnuut aan Hom wy, en vorentoe kyk na daardie opstanding? Sal julle jul hande na Hom ophef? Terwyl elkeen . . . God seën julle.

95 Sou daar 'n sondaar wees wat nou teenwoordig is, en sou sê: "O God, ek het nog nie myself by daardie skakel ingehaak nie. Ek is die afwesige een wat nie daar sal wees wanneer moeder begin rondkyk deur die Heerlikheid heen nie. Ek sal nie daar wees nie, want ek het nog nie my vrede met God gemaak nie. Ek het nie die hoop op die Ewige Lewe in my nie. Maar vandag wil ek—ek dit doen"? Sal jy jou hand opsteek, sê: "Bid vir my, Broer Branham, op hierdie tydstip. Ek wil aan gedink word in gebed, want ek het geliefdes oor die see, die see van Lewe, en ek wil hulle ontmoet"? Steek julle hande op.

96 Of iemand wat teruggeval is, en sou wou terugkeer op hierdie dag, en sê: "Here, ek wy myself weer aan U toe; kom om my verbond met U te hernu," sou julle jul hande opsteek?

97 Onse Hemelse Vader, soos dit naderkom, hierdie dag sal een nader aan daardie groot gebeurtenis maak. En ons is net elke jaar geforseer, om dit voorgestel te sien.

98 Soos die mense gewoonlik opgegaan het na Jerusalem op die Pinksterdag, en vir die reiniging van die tabernakel en die heiligdom, en—en die offer van die sondoffer; elke jaar is hulle herinner, toe daardie lam daar gesterf het, dat daar 'n tyd sou kom dat die Lam van God sou sterf, om sonde te skei. Elke keer dat daardie kêreltjie geblêr het, en die bloed oor hulle hande gesprinkel het, was hulle herinner dat daar 'n tyd sou kom wanneer daar die Lam van God sou wees, wat sou uitroep: "Eli, lama . . . ? Eli, lama . . . ?" by die kruis.

Ek bid, God, dat soos ons vandag kyk en sien dat . . .

99 'n Paar weke gelede, voor die vertrek in U diens na Kalifornië, het hierdie Indiana kaal en dood gelê, en was daar skynbaar geen lewe nie. Die blomme wat verlede herfs doodgegaan het. Die blare het afgeval van die bome. En die sap in die bome het na die wortels gegaan, en alles was dood.

100 Maar daar was 'n seisoen toe die son op 'n verskillende wyse begin skyn het. Dieselfde son wat deur die winter geskyn het, maar die elemente het verander en dit het anders geskyn. En deur die geskyn van die son met die elemente, het lewe oral ontstaan. Die blare het teruggekom op die bome. Die blaar . . . Die lewe wat die blaar verlaat het, en die blaar het afgeval, maar die lewe het in die grond gegaan; dit het in nuwe skoonheid teruggekeer, in die glans van die jeug. Die blom wat sy—sy geur moes prysgee, wat sy glansende skoonheid moes prysgee en op die aarde geval het; is gebore, het weer in sy jeug voortgekom, met 'n nuwe geur.

Waaraan word ons in hierdie ure herinner, Here?

101 En die wêreld het van 'n kaal, onherbergsame woestyn tot 'n paradys van skoonheid gekom, en die bye en die voëls het gesing, en alles lighartig, en die bome dartelend in die winde van die warm lentebries. Warmte en vreugde was weer op die aarde, as gevolg van die son, s-o-n.

102 Maar eendag kom die S-e-u-n met genesing in Sy vlerke, en daardie klein lewens wat soos die sap in die boom is, in die grond, soos die—die lewe wat in die saad van die blom is, sal dit weer tot nuutheid voortbring, om nooit te verwelk nie. O, hoe dank ons U hiervoor!

103 En daar was baie hande wat vanmôre opgegaan het, want hulle weet dat daar anderkant die sluier daar iets is. Hulle verlang om moeder te sien. Hulle verlang om hulle geliefdes en hul kennisse te sien, en al hierdie geheimenisse uit te vind, hoe hulle hier gekom het, en daar deur die tyd heen. Dit lê alles agter die verborge sluier. En eendag kom U. En hulle het hul hande opgesteek; hulle—hulle—hulle—hulle wil seker wees, Here. Hulle hernu hulleself weer, en ek ook. Help ons nou, Here. Hernu ons geloof en ons krag.

104 En soos ons die naderkoms van die Here voel. En die afgelope veertig jaar het daar 'n nuwe pinkster op die aarde losgebars. Die Gees het dinge begin openbaar. En hier is ons by die laaste teken, net voor die Koms. Ons weet die naderkoms van die Here is naby. En ons sien die siekes van hulle siektes genees word, wat raaiselagtig vir die wêreld vir tweeduisend jaar was, sedert die apostels. Maar hier verskyn dit weer, profete wat opstaan, Engele wat verskyn, tekens en wonders. Wat is dit? Die opstanding kom nader. Die S-e-u-n kom.

105 Laat ons gereed wees, Here. Laat ons elke Goddelike belofte omhels; moenie aan hierdie klein knopies dink wat deur wetenskap versamel is, ensovoorts, dat dit nie kan gebeur nie. Laat dit vanmôre begin ontknoop, deur die onsterflike. . . [Leë kol op band—Red.] . . . soos Hy oor die Woorde van God se Bybel vibreer, soos 'n goeie gestemde instrument, om die ritme te sing: "Ek is Hy wat dood was, en lewe tot in ewigheid." "'n Klein tydjie, en die wêreld sal My nie meer sien nie; maar julle sal My sien." "Want Ek sal met julle wees, selfs in julle, tot die einde van die wêreld." "En dit sal in die laaste dae gebeur, spreek God, dat Ek My Gees op alle vlees sal uitstort; tekens en wonders; die ou mense sal drome droom, en die jongelinge sal visioene sien," die teken van die laatreën en die endtyd. Laat dit vanmôre onder ons gevoel word, Here, en mag ons geloof verseker wees. Want ons vra dit in Jesus se Naam. Amen.

Moedersdag AFR59-0510M
(Mother's Day)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik in Engels gelewer op Moedersdag, Sondagoggend, 10 Mei 1959, vir die Branham Tabernakel in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., was oorspronklik van die magnetiese bandopname afgeneem en onverkort deur Voice of God Recordings gedruk. Hierdie Afrikaanse vertaling was gedruk in 2004 deur:

AFRIKAANS

©2014 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org